# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.:157/2003***
***DATUM:01-04-2003***

In die Hersieningsuitspraak van:

**DIE STAAT**

teen

**MALUYESELO VAVA ANDRIES**

***CORAM:*** WILLIAMS WnR

## *U I T S P R A A K*

**WILLIAMS WnR:**

In hierdie saak is die beskuldigde skuldig bevind aan ‘n oortreding van artikel 18 van die Wet op Diamante no 56 van 1986 (besit van diamante) en gevonnis tot ‘n boete van R2500,00 of 9(nege) maande gevangenisstraf plus ‘n verdere 12(twaalf) maande gevangenisstraf wat voorwaardelik opgeskort is.

Die moontlikheid van ‘n uitstelboete is nie aan die beskuldigde voorgehou nie en Majiedt R voor wie hierdie hersieningsaak aanvanklik gedien het het ‘n navraag aan die landdros gerig oor hierdie aspek.

Die landdros het hierop geantwoord dat hy nie ‘n uitstelboete oorweeg het nie aangesien die beskulidgde werkloos was en nie

eens die borggeld wat aanvanklik vasgestel is op R3000,00 en toe later verminder is na R2000,00 kon betaal nie.

Ten tye van die navraag het die beskuldigde nog nie die boete betaal nie en is hy steeds in aanhouding. Volgens inligting verkry deur die landdros sal die beskuldigde op 4 Desember 2003 ontslaan word.

Artikel 297(5) en (6) van die Strafproseswet 51 van 1977 maak voorsiening vir die afbetaling van boetes. In ***S v Motlaung 1993(2) SASV 214 NK te 217 e-g*** is dit beslis dat waar die landdros besluit om 'n boetevonnis op te lê met die oogmerk om die beskuldigde uit die gevangenis te hou dit verpligtend is om aan die beskuldigde te verduidelik dat daar voorsiening gemaak word in die Strafproseswet vir die afbetaling van boetes.

Alhoewel 'n landdros 'n diskresie het om 'n uitstelboete te verleen of nie, moet hierdie diskresie regterlik uitgeoefen word. Dit kan nie gedoen word sonder 'n ondersoek na die beskuldigde se betaalvermoë nie. (Sein ***S v Zwane 1997(1) SASV 326 WPA***) Die feit dat die beskuldigde werkloos is en nie sy borg kan betaal nie, beteken nie noodwendig dat hy nie op 'n manier geld sou kon bekom om die boete in paaiemente af te betaal nie.

In die lig daarvan dat daar in hierdie geval geen ondersoek gehou is om te bepaal of die beskuldigde nie moontlik die boete in paaiemente kon afbetaal nie word die volgende bevel gemaak. Die saak word terugverwys na die landdros om onverwyld die bepalings van artikel 297(5) van die Strafproseswet 51 van 1977 aan die beskuldigde te verduidelik en 'n ondersoek te hou na die betaalvermoë of nie van die beskuldigde om die boete in paaiemente te betaal en daarvolgens te handel.

C.C WILLIAMS
WAARNEMENDE REGTER